higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA
NKR VLAK 2

(11011062)

10 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 1 addendum.

526Q1N2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Gebruik die ADDENDUM (aangeheg) om die vrae te beantwoord.

1.1 Watter soort kaart is dit? (1)

1.2 Verduidelik watter soort inligting van hierdie tipe kaart verkry word. (2)

1.3 Noem TWEE ander tipe kaarte. (2)

1.4 In watter provinsie is Graskop geleë? (1)


1.5 Watter oseaan kom wes van Suid-Afrika voor? (1)

1.6 Identifiseer die aangeduide hoofstede deur die antwoord langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.3) in die ANTWOORDBOEK te skryf. (3)

1.7 Identifiseer die liggings hieronder wat op die kaart op ADDENDUM A aangedui word deur slegs die antwoord langs die letter (A–J) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

A: Land
B: Land
C: Provinsie
D: Oseaan
E: Lughawe
F: Ingeslote land
G: Rivier
H: Hoofstad
I: Lughawe
J: Provinsie (10 × 1) (10)

1.8 Identifiseer die volgende nasionale simbole en toeriste-attraksies in Suid-Afrika. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.8.1–1.8.5) in die ANTWOORDBOEK.

1.8.1 

1.8.2



1.8.3



1.8. 4



1.8.5



(5 × 1) (5)

1.9 Verduidelik waarom elk van die volgende elemente van Suid-Afrika se natuurlike omgewing beskerm moet word:

1.9.1 Waterhulpbronne (3)

1.9.2 Grond (1)

1.10 Verduidelik waarom afvalwegdoening gereguleer moet word. (1)

[30]

VRAAG 2

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae.

Ai-Ais Richtersveld-oorgrenspark



Die Ai-Ais Richtersveld-oorgrenspark het die pragtigste bergwoestyn natuurskoon in Suidelike Afrika en sluit die Visrivierkloof, die grootste kloof in Afrika in. Die park is in 2003 tot stand gebring en kombineer die Namibiese Ai-Ais Warmbron Wildpark en die Suid-Afrikaanse Richtersveld Nasionale Park. Toeriste en plaaslike inwoners reis tussen Namibië en Suid-Afrika binne die grense van die park en daar is kantore aan albei kante van die Oranjerirvier.

Die Nama-mense woon nog in die streek. 'n Mens kan Nama-veewagters en hulle vee oor lang afstande sien beweeg. Toeriste kan vlieghengel en avontuur 4 x 4 ritte geniet.

[Bron*: https://www.sanparks.org/parks/richtersveld*]

2.1 Definieer die konsep *oorgrenspark*. (2)

2.2 Beskryf die ligging van die Ai-Ais Richtersveld-oorgrenspark. (2)

2.3 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.3.1-2.3.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.3.1 Die hoofstad van die Noord-Kaap Provinsie is …

2.3.2 'n … sal geïnteresseerd wees om die Ai-Ais Richtersveld-oorgrenspark te besoek.

2.3.3 Die … rivier vorm die grens tussen Namibië en Suid-Afrika.

2.3.4 Die … is die nasionale pad wat Kaapstad en die Noord-Kaap verbind.

2.3.5 Die … is 'n beroemde waterval wat in die Noord-Kaap voorkom.

2.3.6 Die Noord-Kaap vorm deel van die … klimaatstreek van Suid-Afrika.

2.3.7 Die … lughawe is die poort na die Noord-Kaap Provinsie.

2.3.8 … is 'n tipe verblyf wat deur die Ai-Ais Richtersveld-oorgrenspark aangebied word.


Kopiereg voorbehou

2.3.9 Die nasionale pad wat Suid-Afrika en Namibië verbind, is die …

2.3.10 Noem enige aktiwiteite by die Ai-Ais Richtersveld-oorgrenspark.

(10 × 1) (10)

2.4 Bestudeer die kaart en beantwoord die vrae.



2.4.1 In watter rigting lê die Stadskom van Houtbaai af? (2)

2.4.2 Watter nasionale pad loop na Kaapstad Internasionale Lughawe? (2)

2.4.3 In watter rigting sal 'n toeris reis wat van Seepunt na Robbeneiland gaan? (2)

2.5 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.5.1 – 2.5.10) in die ANTWOORDBOEK.

2.5.1 Die … rivier vorm die grens tussen Gauteng en die Vrystaat.

A Limpopo
B Vaal
C Oranje
D Mooi

2.5.2 Die … roete loop deur Bloemfontein na Johannesburg.

A N1
B N14
C N7
D N2

2.5.3 Die … is ’n belangrike attraksie vir beide die Mpumalanga en Limpopo provinsie.

A Marakele Nasionale Park
B Kruger Nasionale Park
C Pilanesberg Nasionale Park
D Namaqua Nasionale Park

2.5.4 … kan as belanghebbers in die toerismebedryf gesien word.

A Die openbare sektor/regering
B Die private sektor
C Opvoeders
D Al die bogenoemde

2.5.5 Die akroniem DEAT staan vir …

A Departement van Ekonomie, Landbou en Toerisme.
B Departement van Omgewingsake en Reis.
C Departement van Omgewingsake en Toeriste.
D Departement van Ekonomie, Landbou en Reis.

2.5.6 … van fauna kan veroorsaak dat vele bedriegde spesies kan uitsterf wat ’n wanbalans in die ekosisteem kan veroorsaak.

A Stroping
B Ongereguleerde oes
C Uitdunning
D A en C

2.5.7 Mpumalanga en Limpopo het dieselfde buurland in die ooste naamlik …

A Botswana.
B Namibië.
C Mosambiek.
D Zimbabwe.

2.5.8 ’n Kompas dui die volgende rigtings aan:

A Noord en suid
B Oos en wes
C Noord-oos
D A en B

Kopiereg voorbehou

2.5.9 In Limpopo is ... 'n UNESCO Wêrelderfenisterrein.

A die Vredefort-koepel
B die Ai-Ais Richtersveld
C Robbeneiland
D Mapungubwe

2.5.10 … is die wetgewende hoofstand van Suid-Afrika.

A Kaapstad
B Bloemfontein
C Pretoria
D Durban

(10 × 1) (10)
[30]

VRAAG 3

Lees die scenario en beantwoord die vrae.

Die Smith-gesin arriveer in Johannesburg waar hulle 'n motor huur. Hulle wil eers na die Kruger Nasionale Park toe ry. Op pad terug sal hulle die attraksies by Sun City en die uKhahlamba Drakensberg besoek.

3.1 In watter provinsies sal die Smith-gesin die volgende attraksies vind?

3.1.1 Kruger Nasionale Park

3.1.2 Sun City

3.1.3 UKhahlamba Drakensberg

(3 × 1) (3)

3.2 Stel TWEE aktiwiteite voor wat die Smith-gesin kan geniet terwyl hulle elk van die attraksies in VRAAG 3.1 besoek. (3 × 2) (6)

3.3 Identifiseer die Suid-Afrikaanse provinsies waar die volgende gewilde attraksies of gebeure voorkom:

3.3.1 Goue Myl

3.3.2 Uniegebou

3.3.3 Grahamstown Nasionale Kunstefees

3.3.4 Tugela-waterval

3.3.5 Groot Gat

3.3.6 V & A Waterfront

3.3.7 Kersiefees

(7 × 1) (7)

Kopiereg voorbehou

3.4 Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (3.4.1–3.4.8) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
3.4.1	Kulturele en botaniese landskap in ’n merkwaardige bergwoestyn in die noord-weste van die land wat uniek besit word	A	Robbeneiland
3.4.2	Een van die wêreld se mees diverse en oorvloedige floragebiede wat in die Wes-Kaap en dele van die Oos-Kaap Provinsie geleë is	B	iSimangaliso Vleilandpark
3.4.3	Strook van dosyn dolomitiese kalksteengrotte wat fossieloorblyfsels van antieke vorms van diere, plante en die belangrikste, hominiede of mense bevat	C	Ai-Ais Richtersveld
3.4.4	Geleë in KwaZulu-Natal en gekenmerk deur wuiwende grasvelde en riviervalleie en hierdie Nasionale Park het die grootste en mees gekonsentreerde groep rotstekeninge in Afrika	D	Oorgrenspark
3.4.5	Oudste en grootste meteoriet-impakterrein in die wêreld, wat 2000 miljoen jaar gelede gevorm is toe ’n reusagtige meteoriet die aarde getref het	E	Mapungubwe Kulturele Landskap
3.4.6	Eens die sentrum van goud- en ivoorhandel met Oos-Afrika hawens is hierdie gebied naby aan die Limpoporivier is die tuiste van twee paleisterreine	F	Kaapse Blommestreek
3.4.7	Plek van ballingskap, verbanning, afsondering en gevangenisskap waarheen mense wat as politieke moeilikheidmakers en sosiale uitgeworpenes gestuur is	G	Vredefort-koepel
3.4.8	Vroeër bekend as St Lucia Park op die noord-oostelike grens van KwaZulu-Natal in ’n pragtige streek bekend as die Olifantkus	H	Wieg van die Mensdom
		I	uKhahlamba Drakensberg Park

(8 × 1) (8)

3.5 Onderskei tussen die volgende tipes erfenisterreine deur TWEE voorbeelde van elk te gee:

3.5.1 Historiese en kulturele erfenisterreine

3.5.2 Argeologiese erfenisterreine

3.5.3 Natuurlike erfenisterreine

(3 × 2) (6)
[30]

VRAAG 4

4.1 Toeriste se belangstelling in Suid-Afrika het gelei tot 'n styging in die getal besoekers aan die land en ook aan plaaslike townships.

4.1.1 Noem VIER negatiewe sosio-kulturele invloede wat gemeenskappe in die township ervaar het as gevolg van die styging in die getal besoekers aan die gebiede. (4)

4.1.2 Noem TWEE moontlike negatiewe invloede op die omgewing as gevolg van die styging in die getal besoekers. (2)

4.1.3 Noem VIER voordele van toerisme na Suid-Afrika. (4)

4.2 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woorde langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK te skryf:

4.2.1 Die Orde van … word aan Suid-Afrikaners toegeken wat 'n betekenisvolle bydrae tot die stryd vir demokrasie en menseregte gemaak het.

4.2.2 Die Orde van Ikhamanga word aan Suid-Afrikaanse burgers gemaak wat in die velde van … uitgeblink het.

4.2.3 Die Orde van … word toegeken aan Suid-Afrikaanse burgers wat 'n uitsonderlike heldedaad uitgevoer het.

4.2.4 Die Orde van … word toegeken aan Suid-Afrikaanse burgers vir prestasies wat 'n internasionale impak gemaak het en die belange van die Republiek van Suid-Afrika gedien het.

4.2.5 Die Orde van … is 'n toekenning vir bydraes in areas soos besigheid, wetenskap en gemeenskapsdiens.

(5 × 2) (10)

4.3 Voltooi die volgende tabel deur slegs die ontbrekende woord, woorde of beskrywings langs die vraagnommer (4.3.1-4.3.4) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

KLIMAAT	BESKRYWING	GEBIED
Woestyn	4.3.1	4.3.2
4.3.3	Warm en droë somers met sporadiese reënstorms	4.3.4

(4 × 1) (4)

4.4 Gee DRIE voordele om die toekenning as 'n Wêrelderfenisterrein te kry.

(3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 5

5.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

NOTA: Terme uit KOLOM B moet meer as een keer gebruik word.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Belê in toerismebedryf	A	publieke sektor
5.1.2	Verseker veilige en stabiele politieke omgewing	B	private sektor
5.1.3	Organiseer hulleself om 'n doeltreffende rol in die toerismebedryf te speel	C	gemeenskap
5.1.4	Identifiseer potensiële toerismehulpbronne in spesifieke area		
5.1.5	Ontwikkel en bevorder verantwoordelike toerisme		

(5 × 1) (5)

5.2 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf dit langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.10) in die ANTWOORDBOEK.

reisplan; Wêrelderfenisterreine; Kaappunt; bestemming; poort; selfsorg; Lodge; insentief; Lesotho; Kaap Agulhas; massatoerisme; toer; dravermoë; kaartsleutel

5.2.1 Toegangspunt in streek

5.2.2 Verduideliking van simbole op 'n kaart

5.2.3 Mees suidelike punt van Afrika-kontinent

5.2.4 Verblyf in natuurlike omgewing wat etes en wildritte insluit

5.2.5 Reis as beloning vir harde werk

5.2.6 Maksimum getal mense wat gebied kan akkommodeer sonder om dit te beskadig

5.2.7 Plek waarheen toeriste reis

5.2.8 Groot getal toeriste wat saam reis

5.2.9 Lys van plekke wat toeriste besoek terwyl hulle toer

5.2.10 Attraksies wat deur UNESCO erken word

(10 × 1) (10)

5.3 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae.

AFRIKA-REISWEEK FOKUS OP VOLHOUBARE TOERISME

Die wêreld van Afrika-toerisme het na Kaapstad se Internasionale Konvensiesentrum verskuif waar drie groot funksies wat op die noodsaaklike rol van toerisme in die ekonomieë van Suid-Afrika speel, fokus. Die oorkoepelende tema by Afrika-reisweek was verantwoordelike en volhoubare toerisme wat mense sal bemagtig en ophef. Verantwoordelike en volhoubare toerisme is noodsaaklik vir die voortgesette groei van die bedryf in Afrika.

[Bron*: https://www.gov.za/about-sa/tourism*]

5.3.1 Verduidelik *volhoubare toerisme.* (2)

5.3.2 Bespreek die verskil tussen *direkte* en *indirekte* deelname in terme van vennootskapsreëlings. (2 + 2) (4)

5.3.3 Noem DRIE positiewe effekte wat deur verantwoordelike toerisme in 'n gebied meegebring word. (3 × 2) (6)

5.3.4 Waarom is dit belangrik om skade onmiddellik te rapporteer? (3)

[30]


TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

(11011062)

VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA V2

ADDENDUM



Kopiereg voorbehou